

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 28 Mar 2018
Page: 6

AVE: 10379.25
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

die Tuks-span wat tweede in die As ek werklik goed genoeg oorweeg.

# Britney kon driekamp nie weerstaan

Wilhelm de Swardt

Die lewe het aan die 17-jarige Britney Strumpher (TuksSport High School) al 'n hele paar dwarsklappe uitgedeel, maar onderkry is min.

Haar vertoning op die onlangse Suid-Afrikaanse driekamp-byeenkoms buite Bloemfontein is maar net nóg 'n bewys van hoe sy die meeste van elke oomblik maak. Strumpher het 'n silwermedalje in die o.19-afdeling verower.

Dié uitslag vertel nie die hele storie nie. Strumpher is met 'n gesplete verhemelte gebore en het 'n erge gehoorprobleem, wat beteken sy dra 'n gehoortoestel in albei ore. Volgens haar bly die gehoor in haar regteroor voortdurend verswak. Sy is ook op laerskool deur boelies getreiter.

Dit is genoeg rede vir enige een om jou aan selfbejammering oor te gee, maar dan weer is Strumpher nie enige een nie. Vir haar sal die spreekwoordelike glas altyd halfvol eerder as half leeg wees.

Daar is niks wat die matrikulant meer geniet as om haar medeleerlinge en ander atlete aan te moedig om nooit op te gee nie. Dié passie kan dalk daartoe lei dat sy ná skool sportsielkunde sal studeer. Sy glo sy kan 'n verskil in ander



**Britney Strumpher**
Foto: REG CALDECOTT

atlete se loopbaan maak.

"Die lewe is wat jy daarvan maak. Daarom is dit vir my belangrik om elke dag voluit te lewe. Van 'n persoonlike oogpunt glo ek nie dat enigiemand verdien om geboelie te word nie. Dit is net nie reg nie.

"Wat my betref is ons almal gelyk ongeag of jy 'n bril dra of in 'n rystoel sit of wat jy aantrek."

Strumpher praat nie net sommer nie. Haar sportloopbaan getuig daarvan. Vir haar is dit 'n geval van hoe strawwer hoe lekkerder.

In 2016 het sy met 'n sekonde uitgemis om Suid-Afrika as swemmer by die Paralimpiese Spele te verteenwoordig. Sy het kort daarna 'n erge kniebesering opgedoen. Dit het alles verander.

"Ek het my passie vir swem verloor. Om sake te vererger het my teenstanders in die tyd wat ek beseer was al hoe vinniger begin swem. Ek het begin sukkel om by te bly.

"Die keerpunt het gekom toe ek verlede jaar 'n vriend gaan ondersteun het toe hy aan driekamp deelneem. Die uitdaging om drie sporte te bemeester was een wat ek nie kon weerstaan nie. Ek het begin om vir driekamp te oefen. Nadat ek die eerste keer deelgeneem het, het ek geweet dit is wat ek wil doen. Daardie adrenalien om aan driekamp deel te neem is verslawend.

"Ek kan eerlik sê driekamp het my lewe verander. Ek het 'n meer positiewe uitkyk oor die lewe en is meer gemotiveerd."

Strumpher erken dat daar nog ure se sweet op haar wag voordat sy werklik daarop kan aanspraak maak om 'n voorste driekampatleet te wees.

Sy is vol lof vir die rol wat Kate Roberts, 'n voormalige Olimpiese driekampatleet en nou afrigter, in haar lewe speel.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.